



DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE, NELSPRUIT

HOE VERKRY DIE MENS DIE EWIGE LEWE?

Prediker: Pastoor Johan Putter

Datum: 6 Maart 2016

Plek: Nelspruit

HOE VERKRY DIE MENS DIE EWIGE LEWE?

INHOUDSOPGawe

INLEIDING	3
RAAMWERK.....	3
IN WATTER TOESTAND IS DIE MENS SONDER JESUS?	4
HOEKOM JESUS?.....	5
HOE KAN U EN EK GODDELIKE LEWE BY JESUS CHRISTUS KRY?.....	6
HOE KAN DIT GEBEUR DAT 'N PERSOON GELOOF IN JESUS BELY, SELFS IN DIE BEDIENING STAAN EN DAN NIE DIE EWIGE LEWE ONTVANG NIE?	8
HET GELOWIGES DAN GEEN PROBLEME EN ONGELUK NIE?	8
SAMEVATTING	9
AFSLUITING.....	9

HOE VERKRY DIE MENS DIE EWIGE LEWE?

INLEIDING

Ons gaan vanoggend oor seker die belangrikste onderwerp in die Bybel gesels, naamlik; *Hoe verkry 'n mens die ewige lewe oftewel hoe word die mens gered of hoe verkry mens die saligheid?*

Indien mens die vraag vir gelowiges sou vra, is die mees algemene antwoord, deur geloof in Jesus Christus.

Dit is reg, maar wat beteken dit in die praktyk, om geloof in Jesus Christus te hê?

Gegewe die belangrikheid van die vraag, Is u seker dat u presies weet wat dit beteken?

Met ander woorde u dink nie net u weet nie, u weet?

Is u seker dat die volgende lering van Jesus nie dalk eendag op u van toepassing gaan wees nie?

MATTHEUS 7:2-23 Amplified Bible (AMP)

"Not everyone who says to Me, 'Lord, Lord,' will enter the kingdom of heaven, but only he who does the will of My Father who is in heaven. Many will say to Me on that day [when I judge them], 'Lord, Lord, have we not prophesied in Your name, and driven out demons in Your name, and done many miracles in Your name?' And then I will declare to them publicly, 'I never knew you; depart from Me [you are banished from My presence], you who act wickedly [disregarding My commands]."

Die mense wat Jesus hier vermeld, het in Hom geglo en in Sy naam geprofeteer en wonderwerke gedoen, tog het hulle nie die ewige lewe beêrwe nie.

Ek wil nie hê dat enige een van u, eendag hierdie woorde van Jesus moet hoor nie. Daarom gaan ons vandag seker maak dat almal die antwoord op die vraag ken; *Hoe verkry 'n mens die ewige lewe?*

RAAMWERK

Om die vraag reg te verstaan, gaan ons vandag die volgende bespreek;

1. Ons moet verstaan in watter toestand die mens sonder Jesus is. Hoe het u en ek gelyk voordat ons tot bekering gekom het en waarheen was ons oppad? Hierdie persektief is baie belangrik want as ons hierdie punt mis, is daar nie 'n manier waarop ons die boodskap van redding wat daar in Jesus is, kan begryp nie.

2. Wat behels die ewige lewe?
3. Wat het Jesus op aarde kom doen?
4. Hoe verkry ons die ewige lewe?
5. As ons tot bekering gekom het, watter impak het dit op my lewe?
6. Kan ek my bekering verloor en indien wel, hoe kan ons dit probeer verhoed?

IN WATTER TOESTAND IS DIE MENS SONDER JESUS?

Om die vraag te beantwoord, kan jy vra; hoe het ek gelyk voordat ek Jesus ontmoet het? Hoe het my familie en vriende gelyk voordat hulle tot bekering gekom het?

Wel, ek en my vriende het die volgende kenmerke geopenbaar:

- Sommige van ons het verwerp, vreesagtig, minderwaardig, hopeloos en verlate asook onbekwaam gevoel.
- Ander het gebonde emosies gehad en kon nie liefde gee of ervaar nie.
- Sommige het wellustige en kinky drange gehad wat hulle nie kon beheer nie.
- Sommige was aan drank en dwelmiddels verslaaf.
- Sommige was oneerlik en het gelieg en bedrieg waar hulle gaan.
- Sommige was selfsugtig, hardkoppig en trots.

Voor u sê, Johan die mense was 'n klomp skurke, laat ek net reghelp hier. Ek praat hier van goed opgevoede, en geleerde mense. Mense met goeie loopbane en alles.

Kan u hiermee aanklank vind? Is en was hierdie dinge ook vir u 'n werklikheid?

Hierdie dinge het tot chaos in die mense se lewens gelei. Sommige mans het egbreek gepleeg en gesinne is met groot hartseer uitmekaar geruk. Sommige se persoonlike verhoudings het nooit gewerk nie en hulle lewens was een lang sepie van stryd, twis, drama en ongelukkigheid. Ander is deur die een finansiële en ander ramp op die ander getref. Baie het gebroke en verslae mense geword wat net bestaan en nie leef nie.

Almal was meer ongelukkig as gelukkig en almal was oppad hel toe.

Die Apostel Paulus het se lering in Romeine 6:23 was van toepassing op ons. Die gevolge van sonde is die dood. U moet die term dood, in sy breëre konteks verstaan. Dood is meer as net my liggaam wat sterf. Dood is wanneer ek my doel op aarde mis, wanneer ek dinge soos geluk, vreugde, onvoorwaardelike liefde, passie, kreatiwiteit en 'n lewe in oorwinning, mis. Ons sien die dood elke dag om ons.

Dit bring ons by die vraag; **Hoe ontsnap ons uit hierdie lewe wat tot die dood lei?**

Die Apostel Paulus het vir ons die antwoord in Romeine 6:23 gegee.

ROMANS 6:23 (AMPLIFIED)

"For the wages of sin is death, but the free gift of God [that is, His remarkable, overwhelming gift of grace to believers] is eternal life in Christ Jesus our Lord."

U en ek kan van die dood en doodslewe ontsnap deur lewe by Jesus Christus te kry.

Wat beteken lewe? Die Griekse woord vir lewe wat hier gebruik word is Zoe.

Volgens Johannes 6:57 kom zoe lewe van God die Vader af. Volgens Johannes 5:26 het Jesus dieselfde lewe van God die Vader ontvang. Dit is die tipe lewe wat u en ek by Jesus kan ontvang. Mens kan dit Goddelike lewe noem.

HOEKOM JESUS?

U kan met reg vra, hoekom kan ons Goddelike lewe net by Jesus kry? Hoekom nie by Hara Chrisna, Budha, Vishu of Siva nie? Die antwoord lê vir my in Johannes 3:16.

JOHN 3:16 (AMPLIFIED)

"For God so [greatly] loved and dearly prized the world, that He even gave His [One and] only begotten Son, so that whoever believes and trusts in Him [as Savior] shall not perish, but have eternal life."

Jesus is die gesalfde wat vir ons sondes kom sterf het. Hy het die houvas wat sonde op die mens het kom verbreek. Hy het die dood oorwin. Hy het die werke van Satan kom vernietig. Hy het gekom sodat u en ek, Goddelike lewe kan ontvang. Hy het versoening tussen God die Vader en die mens kom bewerkstellig. Hy het 'n nuwe verbond tussen God en die mens tot stand kom bring wat as regsraamwerk kan doen vir hoe ons Goddelike lewe kan ontvang. Hy het die weg kom voorberei vir God die Heilige Gees om ons in hierdie Goddelike lewe in te lei.

1 TIMOTHY 1:10

"but now [that extraordinary purpose and grace] has been fully disclosed and realized by us through the appearing of our Savior Christ Jesus who [through His incarnation and earthly ministry] abolished death [making it null and void] and brought life and immortality to light through the gospel"

U en ek kan ook geen goeie daad verrig of opoffering maak om onsself aanvaarbaar vir God te maak nie. Ons kan nie ons eie saligheid verdien nie. Die mens kan op geen ander

manier met God die Vader versoen word as deur die bloed van Sy Seun Jesus Christus nie. Jesus is die enigste weg na Saligheid.

Dit bring ons by die volgende vraag; Hoe kan u en ek Goddelike lewe by Jesus Christus kry?

HOE KAN U EN EK GODDELIKE LEWE BY JESUS CHRISTUS KRY?

Ons moet **geloof** in Jesus Christus as ons Redder hê, dan sal Hy die ewige Goddelike lewe as geskenk aan ons gee.

MARKUS 16:16

“Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.”

ROMEINE 10:13

“want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word”

GAL. 3:26-27

“Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword.”

Alhoewel u, God nie met u sintuie kan ervaar nie en u nie vir 'n feit weet of die Bybel waar is of nie, moet u 'n geloofstap neem. U moet met opregtheid aanvaar dat die Bybel waar is en dat die dinge wat ek vroeër vir u genoem het, korrek is.

U en ek moet 'n wilsbesluit neem. Ons moet met nederige en opregte harte na God uitroep en verklaar; Jesus Christus die Seun van God, ek neem U aan as die Koning van my lewe.

Ek onderwerp my wil en lewe aan U. As u dit gedoen het, dan kom Joh.1:11-12 en Romeine 5:1 in werking.

JOHANNES 1:11-12 (NAV)

“Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

ROMANS 5:21

“so that, as sin reigned in death, so also grace would reign through righteousness which brings eternal life through Jesus Christ our Lord.”

“Ons verwys na hierdie besluit wat u geneem het, as dat u tot bekering gekom het.

Nou wil ek vir u 'n baie belangrike ding noem. Die kern van alles, as u dit nou mis, kan u, u redding mis.

Hierdie geloofstap wat u geneem het, het 'n reuse praktiese implikasie vir u lewe.

U kan nou nie meer langer leef soos u altyd geleef het nie. U moet nou u wil en lewe, aan die wil van God ondergeskik stel. U kan nie meer doen wat reg is in u oë nie. U moet nou sê God leer my u weë. En as die Heilige Gees vir u dinge sê soos; Los nou hierdie vuilpraatjies, stop jou liegstories, kom jou ooreenkomsste na, dan vra jy vergifnis vir jou verkeerde dade by Jesus en jy draai weg van jou sondige weë.

Jy moet nou die hartsbegeerte hê om aan die nuwe Koning in jou lewe gehoorsaam te wees. En as jy ongehoorsaam is, dan vra jy vergifnis en jy probeer weer. As jy dit doen gaan jy vier dinge agterkom naamlik;

1. Daar is sondige dinge wat jy gedoen het, wat jy redelik maklik kan los om jou lewe in lyn te bring met God se wil.
2. Daar is sondige dinge wat jy doen, waarmee jy sukkel om dit te los. Jy probeer jou bes, maar doen dit weer. Dis hier waar jy nie moedeloos moet word nie. Dis dan wanneer jy hulp by jou mede-gelowiges kom soek en sê, help my.
3. Jy gaan ook vind dat jy dinge glo, wat nie in lyn is met die Bybel nie. Moenie dan probeer slim wees en sê ons leef in die 21 ste eeu nie. Bring jou gedagtes en sieninge in lyn met God se woord.
4. Jy gaan vind dat jy steeds met dinge soos vrees, minderwaardigheid en gebonde emosies sit. Jy kan steeds verhoudingsprobleme ervaar en ongelukke gaan jou steeds tref. Moenie moet opgee nie. Dis dan wanneer jy Paulus se woord onthou dat die evangelie nie 'n saak van praatjies is nie maar van krag. Dan gaan soek jy weer hulp by jou mede-gelowiges sodat hulle in Jesus, jou kan help om onheilige sielsbande te knip, vloeke oor jou te verbreek, jou uit die geestelike gevangenis uit te haal, asook jou innerlik te genees en te bevry.

Dis dan wanneer jou gees vry en genees en heel word. Dis dan wat jy begin ervaar hoe God se Zoë lewe deur jou begin bruis. Dis dan wat jy geestelik begin groei en geestelik volwasse en sterk begin word. Dis dan wanneer die Heilige Gees jou vir dienswerk bekragtig en jy in die gawes van die Heilige Gees begin funksioneer. Dis dan wanneer die vrug van die Heilige Gees in jou 'n werklikheid begin word.

GALASIANS 5:22-23

“But the fruit of the Spirit [the result of His presence within us] is love [unselfish concern for others], joy, [inner] peace, patience [not the ability to wait, but how we act while waiting], kindness, goodness, faithfulness, gentleness, self-control. Against such things there is no law.”

Dis dan wanneer jy die ewige lewe het.

HOE KAN DIT GEBEUR DAT ‘N PERSOON GELOOF IN JESUS BELY, SELFS IN DIE BEDIENING STAAN EN DAN NIE DIE EWIGE LEWE ONTVANG NIE?

Dit kan gebeur as ons die term geloof verkeerd verstaan. Geloof beteken nie net dat ek met my mond verklaar dat ek in Jesus Christus glo nie. Ek moet ook my gedagte wereld en my handel en wandel aan die wil van God onderwerp.

GAL 6:5, 7-9

“Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het. Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat ‘n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes.

GAL 5:19-21

“Now the practices of the sinful nature are clearly evident: they are sexual immorality, impurity, sensuality (total irresponsibility, lack of self-control), idolatry, sorcery, hostility, strife, jealousy, fits of anger, disputes, dissensions, factions [that promote heresies], envy, drunkenness, riotous behavior, and other things like these. I warn you beforehand, just as I did previously, that those who practice such things will not inherit the kingdom of God.”

JAKOBUS 2:14-17

“Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so ‘n geloof ‘n mens red? Sê nou daar is ‘n broer of ‘n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.”

HET GELOWIGES DAN GEEN PROBLEME EN ONGELUK NIE?

Terwyl gelowiges op aarde is, het ons deel aan die vloek wat op aarde rus. Ons sal steeds in die sweet van ons aanskyn ons brood verdien. Ons sal steeds in kieme vasloop en siek

word. Ander mense se sonde sal steeds hartseer vir ons bring. Die verskil is egter dat in Jesus, hierdie dinge ons nie langer sal breek en gebroke laat nie.

Alhoewel dit soms moeilik en 'n stryd is, sal ons oorwinning behaal. Dit sal ons nuwe dinge leer en dit sal ons sterker maak. Dit sal ons nader aan ons Skepper bring en ons beter instrumente in Sy hand maak.

SAMEVATTING

Ons moet begin afsluit en kom ons vat saam wat ons vandag bespreek het.

U en ek het een van twee keuses naamlik:

1. Ons leef in sonde sonder Jesus. My submissie aan u is dat dit tot 'n lewe van onvrede, ongeluk, ellende en ewige dood lei.
2. Ons kom tot bekering en onderwerp ons aan God soos in die Bybel aan ons geopenbaar as God die Vader, God die Seun Jesus Christus en God die Heilige Gees. Dit bring vir u die ewige lewe!

AFSLUITING

Ek wil met 'n vrae afsluit; Is daar enige van u wat nog nie hierdie keuse gemaak het nie? Is daar iemand wat lank terug die keuse gemaak het maar afgedwaal het en dit vandag weer wil maak?
